
SA Media - The University of the Free State
Page: 1
Source: BEELD
Date: 26-Apr-2005
Topic: 25
Ref No: 2195
1
ID: 03207428-01 Source Page: 16

# Engheid maak geloof onredelik

## Onverdraagsaamheid-kultuur pas nie by universiteit



Beeld-forum

Jonathan Jansen

Ek het ongeveer 12 tot 15 keer per week kerk toe gegaan en my ouers was evangeliegesinde Christene. Hierdie intieme en intense verbintenis met die kerk het my lewe merkwaardig beïnvloed. In die eerste plek het dit my geleer dat dit in die lewe om veel meer gaan as bloot 'n materiële bestaan. Dit het ook die voorreg ingehou dat ek in 'n sosiaal stabiele huis grootgeword het op 'n tydstip en in 'n omgewing waar ons gesin baie maklik deel kon word van die bendewese, alkoholisme, dwelmverslawing, asook geweld wat destyds so tiperend was van die smerige township-lewe. Maar my Christelike opvoeding het my ook in kontak gebring met onverdraagsaamheid. Dit het my laat glo dat my kerk die alleenreg gehad het op waarheid en dat ek sekerheid moes hê oor wie die vyand was ten einde myself as 'n evangeliegesinde Christen te regverdig. Die vyand was enigeen en elkeen wat 'n ander geloof as ek aangehang het – die Katolieke, die Moslems, die Nederduits-Gereformeerde Kerk, ensovoorts.

Vandag is ek baie skaam oor die kultuur van onverdraagsaamheid waarvan ek deel was.

U wonder seker wat aanleiding gegee het tot my besinning oor my opvoeding. Wel, dit was die onlangse aanskoue van soortgelyke openbare onverdraagsaamheid toe dit aan die lig gekom het dat die Universiteit van Pretoria (UP) nie meer Christelike gebede of Skriflesing sal opdwing aan gehore by universiteitseremonies nie. Hoe jammer is dit nie dat studenteleiers deel gevorm het van die groep mense wat die herroeping van hierdie praktyk afgekraak het. En kom ons sê dit maar vir mekaar: hierdie soort onverdraagsaamheid word in ons huise, sosiale kringe, skole, sportklubs en, glo of los, ons kerke, gekweek.

Een ding aangaande hierdie redenasies wat ek veral pikant vind, is dat die wil en geloof van die Christelike meerderheid aan die UP moet oorheers bloot omdat Christene aan UP 'n meerderheid vorm.

Vreemd, is dit nie, dat hierdie idee nooit opgekom het by dieselfde mense wat maar alte ywerig debatte gevoer het oor die euwels verbonde aan meerderheidsregering op 'n tydstip toe 'n klein rasseminderheid hierdie land geregeer het nie. Sê my: watter soort Christenskap word gedemonstreer wanneer geredeneer word dat die brute krag van 'n getallemeerderheid meebring dat ons ons sin kry? Jammer om dit te sê, maar dit is nie Christenskap nie. Ek noem dit eerder tirannie.

Stel jou die volgende scenario voor. 'n Openbare universiteit hou 'n gradeplegtigheid om sy gegradueerdes te vereer. In die gehoor is Moslemstudente, Hindoes, Katolieke, Protestante, Afrika-Sioniste, Metodiste, Jode, 'n menigte ander geloofslede, asook diegene wat geen geloof bely nie. Op die podium is professore met 'n ooreenstemmende spreiding van geloofsoortuigings. Dan, tydens die aanvang van die seremonie, stap een man na vore, lees uit die Christelike Bybel, bid 'n Christelike gebed en verwag dat almal in die gehoor hul hoofde moet buig. Of hulle nou daarvan hou of nie, almal in hierdie openbare ruimte word sonder enige keuse en sonder hul toestemming onderwerp aan hierdie enkele geloofsweergawe.

Wel, u hoef nie te probeer om u dit voor te stel nie: dit het inderdaad by Tukkies gebeur – 'n universiteit waarop ek besonder trots is. Weet u, ek was nog nooit in my lewe so verleë nie.

Die eerste aspek van die protesaksie waaroor ons bekommerd moet voel, is die feit dat hierdie mense nie insien nie dat 'n universiteit 'n openbare instansie is wat die breër lidmaatskap van personeel en studente op sy staatsgefinansierde kampusse behoort te respekteer. Tweedens: ons praat van 'n universiteit. Soos die woord impliseer, akkommodeer en floreer 'n universiteit op die universum kennis, waardes, tradisies en gelowe in die breër wêreld. Die idee van 'n universiteit word bedreig wanneer dit 'n bekrompe plek word wat eng etniese chauvinisme, godsdienstige onverdraagsaamheid of taaleksklusiwiteit huisves. Die derde ding waaroor 'n mens bekommerd moet voel, is die feit dat die agitators blykbaar onbewus is van die mate waarin sulke onverdraagsaamheid 'n teelaarde vorm vir (maar ook gevoed word deur) die breër internasionale onverdraagsaamheid wat die wêreld verander het in 'n uiters gevaarlike plek.

'n Eenvoudige verhaal van onverdraagsaamheid onderlê hierdie gevaarlike wêreld. Hierdie konflikte onthul hoe weersin oor 'n tydperk van jare kan opbou wanneer een groep mense hul wil en tradisies afdwing op 'n ander groep. Dit is soos 'n vulkaan wat oor 'n tydperk van baie jare kokende lawa opbou – wanneer dit ontplof, wis dit alles uit.

■ *Prof. Jansen is dekaan van die fakulteit opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria*